

SONDAG 11

VRAAG EN ANTWOORD: 29

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Waarom word die Seun van God genoem: <i>Jesus</i>, wat Verlosser beteken?			
Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos	1	Matteus 1:21 en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.	Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."
		Hebreërs 7:25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.	Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.
en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie.	2	Jesaja 43:11 Ek, Ek is die HERE, en daar is geen Heiland buiten My nie.	Ek, Ek is die Here, buiten My is daar geen redder nie.
		Johannes 15:4-5 Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.	Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.
		Handelinge 4:12 En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.	Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."
		1 Timoteus 2:5 Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,	Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus
		1 Johannes 5:11-12 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.	En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.